

SONDAG VIR

PERSONE MET GESTREMDHEID

26 Augustus 2018



Meditasie: Die menswaardigheid van Persone met Gestremdheid.

Skriflesing: 1 Kor. 12: 21–26

²¹Die oog kan nie vir die hand sê: “Ek het jou nie nodig nie.” Die kop kan weer nie vir die voete sê: “Ek het julle nie nodig nie.” ²²Inteendeel, die lede van die liggaam wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik, ²³en dié wat vir ons minder mooi lyk, klee ons met groter sorg. So word ons minder aansienlike dele besonder mooi gemaak, ²⁴terwyl die aantreklike dele dit nie nodig het nie. God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het aan die lid wat eer kortkom, ²⁵sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra. ²⁶As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly. (Die Bybel Nuwe Vertaling; 1998)

’n Mens se oog kan nie vir die hand sê: “Jy beteken niks nie. Ek kan sonder jou klaar kom.” Jou kop kan ook nie vir jou voete sê: “Julle beteken niks nie. Ek kan sonder julle klaar kom.” Daar is party dele van ’n mens se liggaam waaraan ’n mens nooit eers dink nie. Maar ’n mens sal doodgaan as ’n dokter dit uithaal. Daar is ook party dele van ons liggaam wat ons nie wil hê ander mense moet sien nie. Daarom trek ons ’n broek of ’n rok aan. Maar dan is daar ander dele van ons liggaam wat mense maar kan sien. God het dit so gemaak dat die dele van ’n mens se liggaam nie met mekaar kan stry nie. Hulle weet hulle het mekaar nodig en moet saamwerk sodat ons kan leef. As een deel van jou liggaam seerkry, dan voel die hele liggaam daardie pyn. As een deel geprys word, is die hele liggaam bly. (Die Nuwe Testament vir Kinders; 1999)*

Oordenking:

’n Legende

In ’n klein dorpie het daar eenkeer ’n legendariese ou man gebly, Hy was blind. En hy het die gewoonte gehad om ’n brandende lamp saam met hom te dra wanneer hy in die donker buite rondloop.

Een nag, toe hy van ’n ete af terugstap huis toe, kom hy ’n groep jong reisigers teë. Hulle kon dadelik sien dat hy blind was. In die verbygaan begin hulle toe allerhande opmerkings maak oor die blinde met sy lamp. Hulle terg hom en sê: ‘Haai Oom, jy kan tog niks sien! Waarom die lamp?’

* Om mooi goed oor die Here of iemand anders te sê.

Die blinde antwoord toe: "Ja, ongelukkig is ek blind. Ek kan niks sien nie. Die lamp is eintlik bedoel vir mense soos julle wat kan sien. Julle sal waarskynlik nie 'n blinde ou man raaksien nie en hom sommer uit de pad uit loop. Daarom dra ek maar 'n lamp."

Toe hulle hom so hoor antwoord, het die groep reisigers skaam gekry en verskoning gevra vir hulle gedrag.

Die staaltjie herinner ons aan 'n saak wat ons almal weet baie belangrik is nl. om mense met een of ander gebrek beter raak te sien. Dit kan selfs belangriker wees as wat ons dink!

Die Apostel Paulus herinner ons juis aan die buitengewone potensiaal van Christus se kerk om hierdie gebrek in die wêreld aan te spreek.

Ons eie ervaring

Laat ons eerstens 'n bietjie oor ons eie ervaring nadink.

- Dink aan 'n insident toe jy gevoel het jy word nie raakgesien nie. Onthou hoe jy gevoel het. Wat sou jy graag anders wou hê?
- Kom jy in situasies of plekke waar jy nie welkom voel nie? Hoe sou dit vir jou beter kon raak?
- Kan jy aan 'n insident dink toe jy iemand nie raakgesien het nie of iemand geïgnoreer het en waaroor jy nou bietjie skaam voel. Hoe sou jy dit graag anders wou hanteer?

God self gee vir ons liefde

Omgee of deernis tussen mense kom direk van God af.

Só skryf die apostel op 'n ander plek:

Oor broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê. (1 Tess. 4:9).

Dit is merkwaardig. In 'n wêreld waar soveel mense dikwels selfbehep by mekaar verby stoom en selfs bo-oor mekaar loop, leer God sy kinders anders. Sy Gees gee liefde in ons harte. As ons diep in onself in kyk, ontdek ons gou dat daardie liefde daar ingeplant is. Ons kan dan uit daardie liefde put.

Net in die volgende hoofstuk (1 Kor. 13) staan Paulus se wonderlike lied van liefde opgeteken. Dit is die soort liefde wat die hele wêreld verander en die lewe lig en kleur gee.

Maar voor Hy hierdie lied skryf, maak hy ons van die merkwaardige geheim van ons bestaan as kerk bewus. Daarop moet ons nou fokus.

Liefde koester

1 Kor. 12 skets 'n bisarre prentjie: dink jou in dat daar tussen verskillende dele van jou lyf 'n kompetisie ontstaan oor watter deel die voortreflikste is. Die uitslag bepaal watter orgaan of ledemaat summier afgeskryf word.

Stel jou so iets voor: jy kap jou voet af omdat dit nie vir jou so mooi is soos jou oë nie!

Belaglik, nie waar nie. Die gedagte kom nie eers by ons op nie. Inteendeel: Die teenoorgestelde is eerder waar. Sonder om hard daaroor te dink, maak mens die broser dele van jou lyf gou toe, juis ómdat dit broser is. Mens trek gou die regte hemp, trui of skoene nader wanneer dit nodig is. So is dit met die liefde. Dit het 'n godgegewe geneigdheid om te beskerm en te koester.

So 'n goddelike deernis leef onder kinders van God. Ons is immers sy liggaam. Ons leef Christus en Christus leef deur ons. Ons doen Jesus na. En Jesus som sy eie lewe en werk op 'n plek só op:

*“Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is.
(Matt 9:12 ; Mark 2:17; Luk 5:32).*

Sorgsaamheid! Dit is goddelik.

“Waar deernis is, daar is die Heer.”

Wanneer liefde 'n swakheid of gebrek opmerk, skram die nie weg nie, en kyk nie anderpad nie, maar gaan sonder om twee keer te dink tot aksie oor om daardie swakheid te koester. Dit is presies die krag van 'n gemeente.

Dit geld in besonder wanneer die Here se kinders mense teëkom wat uiterlik met 'n gestremdheid saamleef. Christus se liefde gee vir hulle 'n ereplek in sy Liggaam.

Ons eie skete

Ons sal goed doen om te vra waarom dit gebeur dat ons hierdie krag nie altyd in werking stel nie.

Die beeld van 'n mens se lyf in 1 Kor. 12 kan ons help om die skewe manier raak te sien waarop ons swakheid hanteer. Skete en gebreke lê tog nie uitsluitlik aan die buitekant van ons liggame nie! Is dit nie juis die innerlike skete wat die meeste probleme skep nie.

Hoe hanteer jy bv. jou eie gebreke? Steek jy dit sorgvuldig weg? Maak dit jou verleë? Probeer jy jou sterkpunte op so 'n manier wys dat niemand jou tekortkominge kan sien? Hoe gemaklik leef jy met jou eie gebreke saam? Wil jy nie eerder sterk wees as swak nie? Probeer jy n bietjie beter lyk as wat jy dink jy is?

Sê nou maar dit is juis die begin van ons geestelike skete dat ons sterker en beter as ander wil wees; mens wil so graag die beste christen wees en aan die beste kerk behoort. Niks anders as die beste nie. Kan dit wees dat hierdie manier van dink jou weerstandig maak vir jou eie gebreke en ook vir ander mense se gebreke of gestremdhede?

'n Eerste, spontane reaksie hierop kan dalk wees: “Kom ons maak dit reg! Dit mag nie so wees nie! Ons moet 'n beter kerk word!”

Ironies genoeg kan mens met sulke wilskrag juis in die verkeerde rigting gaan! Harder probeer werk so maklik teen groter afhanklikheid van God. Ons eie inspanning kan juis in die pad van die Gees van God staan.

’n Visie van liefde

Wat sal ons dan doen?

Wat sal gebeur as ons ’n bietjie droom oor die soort gemeente wat Paulus in 1 Kor. 12 skets. Sê nou maar hierdie gemeente begin besef dat hulle grootste bate mense is wat swakker lyk as ander mense; nie net hulle eie siekes en klein kindertjies nie, maar ook mense in die gemeenskap daarbuite wat met ernstige gestremdhede en tekortkominge saamleef.

En sê nou maar die gemeente soek ywerig na sulke mense met gestremdhede en swakhede en nooi hulle nader en betoon buitengewone respek aan hulle.

En sê nou maar die gemeente vra hierdie mense met gestremdhede: “Kom leer ons asb. van liefde. Ons kom agter ons liefde is te min en ons glo julle het die sleutel om ons te help.”

En sê nou maar die mense met gestremdhede word later die leiers van die gemeente. Hulle swakhede help die hele gemeente om swakhede te verwelkom en te omhels.

En sê nou die wêreld kom agter hier is ’n groep mense wat alles van swakhede of beperkinge af weet, en wat mense wat nie volmaak is nie, waarlik liefhet.

Die ou blinde man in die legende was nie sonder rede die een wat die lamp rondgedra het nie.

Hierdie meditasie is voorberei deur Dr. Jannie Richter, afgetrede predikant van Pretoria.